UIT **DIE HEMEL SE PÊREL**
**Deur**
**JAN POSTHUMUS (JNR)**

Susan praat met die vroue tronkbewaarder wat net buite haar sel sit. "Hulle wou weet hoekom." Dis die eerste keer dat sy praat, dat sy vertel:

**SUSAN:**

Wie is ek?
Wat is ek?
Waar is ek?
Hoekom is ek?
Almal wil altyd weet hoekom hulle, hulle is
Van kleins af wil jy dit weet
Jy wil weet jy is spesiaal
Met 'n doel
Nie ek nie
Van kleins af net doelloos
Tog is ek deeglik bewus van my situasie
Is hierin 'n doel
Moet wees
Want sy is tussen die pêrels
Die hemel se pêrels

Soms hoor ek hulle
hier in my kop
dan klim ek uit
*[Wild starend]* het jy'it al gesien, hè?
Jy kyk deur jou oë
maar jy staan buite
en dan sien jy wat die engele sien
Ek doennit deesdae baie,
Dis soos 'n trip
jy hou jou oë styf

en jy laat jou brein spin
Die crank het destyds gesê dis ontvlugting
Se moer
Hier sit ek dan nog.
Dit was toe ek klein was
Toe't ek dit ontdek
*[Gaan sit en mimiek kinderspel]*
Ek sit op die kombuisvloer
poppeliefie se haartjies en kam
*[Kindergesprek met pop volg]*
Jy moet soet wees poppeliefie
Jy moet al jou pappies opeet
en nie jou rokkie vuilsmeer nie
mamma wil nie elke keer vir jou 'n skoon
rokkie moet aantrek nie.
Wat's dit?
O dis hy - die man wat saam met mamma is
vir wie ek pappa sê
Hy staan stil
Hy lê teen die kosyn
Hy wieg vorentoe en agtertoe
Hy staar na haar
mamma kyk na die vloer
'Jou slet
Jou vieslike straatslet
Loop agter al wat 'n broekdraer is aan
Jy moet weer geneuk word
Nee! Neeee! Neeeeeeeeee!'

Hy het stip na my gekyk
My probeer beïndruk
Soos alle mans maak
Toe het ek hom geantwoord

VLIEG IN JOU...

Dis donker
dit was altyd donker
die straatlig het dof teen die gordyn geflikker
ek het in my bed gelê en wag
onder die warm komberse
so warm as die hel
vuurwarm
in die stilte kan jy jou brein hoor
dan verbeel ek my ek hoor hom
maar uiteindelik hoor jy
en jy weet hy is oppad
sy patetiese pogings om dit stil te doen
wat klink soos die treine
Sy hande
en sy bedompige asem
hortende asem
Pappa se pêrel

Toe is sy gebore.
Vier jaar later
is ek vroeg huistoe
Sophie was nie daar nie
Hy het haar kafee toe gestuur
Thelma se laggie het in die kamer geklink
Hy was daar
Hy het nie geweet ek kom nie
dit was gou oor
Hy het op die grond gesit
met haar pop in sy hand
hulle het gespeel
huis-huis... of so iets

Hy het opgekyk
ek het sy oë gesien
'n man se oë gesien
net soos ek dit altyd gesien het
Haar oupa se oë
*[Lag histeries]* Nee... haar pa se oë
Hy het opgestaan
Wou iets sê
maar hy het my oë gesien en afgekyk
Trap, voertsek jou vieslike hond
en hy het met kort haastige treetjies weggewaggel.

Na die skoot het 'n lang stilte gevolg

Ek het haar haartjies gekam
die bloed van haar gesiggie afgevee
haar starende ogies toegestoot
en haar in haar kombersie toegedraai
Hulle wou weet hoekom
Sy is nou daar bo tussen die sterre
'n wit pêrel
Daai grote daarso
Ek het haar gesien daarbo tussen die hemelse pêrels.

---ooOoo---